

Sondag 18 September

Skrifgedeelte: Romeine 14:1-12 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Romeine 14:11

Buig en bely ... eerder as veroordeel en verag!

Romeine 14:1-12 is nie maklike verse nie. Die verskille van hoe mense dink en doen. Swakkeres en dié sterker in die geloof. Verskillende opinies. Verskillende gewoontes en maniere. Sommige eet alles. Ander eet net groente. Vir die een is een dag belangriker as ander. Vir die ander is alle dae ewe belangrik.

Mense in die geloof wat verskil. Kinders van die lewende Here wat nie presies dieselfde oor dag en dae voel, of nie ewe veel waarde heg aan kos en kossoorte nie. Verskille wat so maklik veroordelend werk. Veragting tussen broers en susters ... en belydenistaal word nie gehoor nie!

Die Paulusmens wat sê: Eerder buig en bely as veroordeel en verag – en uit die Jesaja-profeet se verkondiging aan te haal: *“Voor My sal elke knie buig, en elke tong sal bely dat Ek God is.”*

Versigtig om te veroordeel en te verag. Hartlik in belydenis en belewenis dat die Here God is. Koning van kos en Heerser oor dae en maande. Almal sal voor God se regterstoel verskyn, ongeag aardse fokus en voorkeure. Elkeen sal oor homself/haarself voor God moet rekenskap gee.

In plaas van veg en veroordeel en verag, buig nou reeds veel eerder jou knie. Bely met die taal van jou tong dat die Here God is. Sê duidelik hoorbaar: *“Ek wil getuig van al u majesteit, u luisterrykheid en u heerlikheid. U grootheid moet ek aan die mense stel sodat hulle sonder ophou dit vertel ...”* (Ps. 145:3).

O Vader, ek buig nou reeds die knie. Ek sê dit en bely dit dat U God is, om eendag as Christus kom, en anderkant die tyd, tot in ewigheid te bely: Heilig, heilig, heilig is die Here.

Sing: Psalm 145:1, 12

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)